Nieteenstaande die afkoeling van ekonomiese aktiwiteit het die inflasionistiese toestande gedurende die eerste tien maande van 1971 steeds 'n verontrustende kenmerk van die Suid-Afrikaanse volkshuishouding gebly. Opwaartse druk is nog steeds op pryse, lone en rentekoerse gevoel en alhoewel daar onlangs aanduidings was van 'n vermindering van die druk op produksiefaktore en die ontstaan van 'n mate van onbenutte kapasiteit in sekere nywerhede, funksioneer die volkshuishouding in geheel nog steeds op 'n hoë kapasiteitsvlak. Oor die algemeen het die binnelandse monetêre vraag die aanbod van goedere en dienste oorskry en die vernaamste komponente van hierdie oorskot-vraag was die volgehoue hoë koers van toename in owerheidsverbruiksbesteding en die hernieude opswaai in private verbruiksbesteding, hoofsaaklik op motors. Boonop was die inflasionistiese finansiering van die regeringstekort deur bankkrediet hoofsaaklik verantwoordelik vir 'n hernieude toename in geld en kwasi-geld in die hande van private sake-ondernemings en individue wat weer, op sy beurt, besteding deur die private sektor vergemaklik het en derhalwe die inflasionistiese toestand vererger het. Onder hierdie omstandighede het die owerheid voortgegaan om verbruikers- en ander krediet te beperk en regeringsdepartemente is versoek om owerheidsverbruiksbesteding sover as moontlik in te kort en, op 'n selektiewe basis, ook kapitaalbesteding.

Nasionale rekeninge

Laer groeikoers in die bruto binnelandse produk

Gedurende die eerste nege maande van 1971 het die bruto binnelandse produk teen heersende markpryse met ongeveer 11 persent, vergeleke met $9\frac{1}{2}$ persent gedurende 1970, toegeneem. Indien prysstygings in 1971 egter in ag geneem word, het die koers van toename in die reële bruto binnelandse produk in werklikheid vanaf ongeveer 5 persent in 1970 tot ongeveer 4 persent gedurende die eerste drie kwartale van 1971 gedaal. Alhoewel dit 'n lae koers van ekonomiese groei volgens Suid-Afrikaanse standaarde is, verteenwoordig dit nogtans 'n toename van meer as 1 persent in die reële bruto binnelandse produk per hoof van die bevolking en vergelyk dit gunstig met lande wat gedurende onlangse jare geen toename nie, of selfs 'n afname, in die lewenstandaard ondervind het.

Die bydraes van sekere sektore tot die bruto binnelandse produk het gedurende die verloop van 1971 aanmerklik geskommel. Die toegevoegde waarde van die landbousektor, wat gedurende die vierde kwartaal van 1970 as gevolg van afnames in wolpryse en -verkope aansienlik gedaal het, het gedurende die tweede kwartaal van 1971 skerp, en gedurende die derde kwartaal verder matig gestyg as gevolg van die goeie mielie- en ander landbou-oeste. Die bydrae van die nie-goudmynbousektor het vir vier opeenvolgende kwartale vanaf die tweede kwartaal van 1970 tot die eerste kwartaal van 1971 gedaal, en daarna in die tweede kwartaal as gevolg van hoër winste van diamant- en ander mynboumaatskappye gestyg, maar gedurende die derde kwartaal van 1971 het dit weer gedaal as gevolg van 'n afname in die bedryfsurplus van diamantmaatskappye. Die goudmynbousektor aan die ander kant, het gedurende die derde kwartaal van 1971 aansienlik meer tot die bruto binnelandse pro-

duk bygedra vanweë die hoër premie wat op die verkope van goud op die private mark verdien is.

Die bydrae van die fabriekswesesektor, wat groter as dié van enige ander sektor is, het voortgegaan om gedurende die eerste drie kwartale van 1971 te groei, hoofsaaklik as gevolg van 'n volgehoue styging in die vergoeding van werknemers en, gedurende die derde kwartaal van 1971, ook weens toenames in winste. Al die ander sektore, insluitende die algemene owerheid, het voortgegaan om tot die toename in die bruto binnelandse produk by te dra en dit wil voorkom asof die res van die volkshuishouding, afgesien van die onreëlmatige vertonings deur die primêre sektore voortspruitende uit veranderinge in wêreldmarkte, voortgegaan het om gedurende die eerste drie kwartale van 1971 teen 'n laer maar bestendige koers te groei. Daar was derhalwe geen aanduidings van 'n resessie-neiging nie.

Afname in oorskot van binnelandse besteding oor nasionale produk

Ofskoon die totale binnelandse monetêre vraag na goedere en dienste (soos gemeet deur die bruto binnelandse besteding) voortgegaan het om die binnelandse aanbod van goedere en dienste (soos gemeet deur die bruto nasionale produk) te oorskry, het die oorskot gedurende die verloop van die eerste drie kwartale van 1971 aansienlik afgeneem. Hierdie neiging is ook in die afname van die tekort op die lopende rekening van die betalingsbalans weerspieël. Die vernaamste komponente van bruto binnelandse besteding het gedurende die derde kwartaal van 1971 egter uiteenlopende neigings getoon. Die koers van toename in private en owerheidsverbruiksbesteding het versnel, dié van vaste investering het ietwat gedaal, terwyl die netto toevoeging tot voorrade gedurende die derde kwartaal kleiner as gedurende elk van die voorafgaande drie kwartale was.

Bruto nasionale produk en binnelandse besteding



Bruto binnelandse besteding en nasionale produk (Seisoensinvloed uitgeskakel, jaarlikse koers)

(R'000 miljoene)


	1970		1971		
	1ste helfte	2de helfte	1ste kw.	2de kw.	3de kw.
Bruto binnelandse besteding	12,3	13,3	13,8	14,0	14,4
Bruto nasionale produk	11,7	12,1	12,5	13,1	13,5
Oorskot besteding	0,6	1,2	1,3	0,9	0,9

Hernieuwe toename in verbruiksbesteding


Nadat private verbruiksbesteding gedurende die voorafgaande drie kwartale teen laer koerse toegeneem het, het dit in die derde kwartaal van 1971 weer vinniger gestyg en was dit die vernaamste bydraende

faktor tot die verdere toename in totale binnelandse besteding. 'n Hernieude oplewing in die besteding aan duursame goedere, veral aan nuwe motors, was in 'n groot mate vir die versnelling in die koers van toename in private verbruiksbesteding gedurende die derde kwartaal van 1971 verantwoordelik. Die bedrag aan nuwe motors bestee, wat as gevolg van die instelling van verskillende beperkende maatreëls vir drie opeenvolgende kwartale gedaal het, het gedurende die derde kwartaal weer skerp toegeneem, sonder enige verslapping van die huurkoopkredietvereistes of 'n vermindering in die verkoopreg, wat 'n aanduiding is dat

Private verbruiksbesteding aan duursame goedere



Verbruiksbesteding



hierdie maatreëls slegs 'n tydelike uitwerking gehad het. Besteding aan meubels en huishoudelike toestelle het gedurende die derde kwartaal van 1971 ook 'n verdere matige toename getoon, met die gevolg dat totale besteding aan duursame goedere weer skerp gestyg het ná die daling wat gedurende die voorafgaande drie kwartale aangeteken is. Besteding aan klerasie en skoesel het gedurende die derde kwartaal ook aansienlik toegeneem, hoofsaaklik as gevolg van prysstygings, terwyl die koerse van toename in die besteding aan nie-duursame goedere en aan dienste slegs effens hoër as gedurende die tweede kwartaal was. In reële terme het private verbruiksbesteding gedurende die eerste drie kwartale van 1971 as 'n geheel 'n relatief lae groeikoers getoon, maar gedurende die derde kwartaal van 1971 versnel.


Owerheidsverbruiksbesteding het gedurende 1971 voortgegaan om teen 'n baie vinnige koers toe te neem en vir die eerste drie kwartale was dit gemiddeld meer as 20 persent hoër as gedurende die ooreenstemmende tydperk van 1970. Alhoewel die koerse van toename in lopende owerheidsbesteding gedurende die tweede en derde kwartale van 1971 laer was as dié wat gedurende die laaste kwartaal van 1970 en die eerste kwartaal van 1971 aangeteken is, was dit nogtans steeds baie hoog.

Uiteenlopende neigings in vaste investering van verskillende sektore

Hoewel totale bruto binnelandse vaste investering gedurende die eerste drie kwartale van 1971 teen 'n laer koers as gedurende 1970 toegeneem het, het kapitaalbesteding deur sekere sektore aansienlik toegeneem, soos uit die bygaande tabel blyk. Die mees opvallende toenames is deur die S.A. Spoorweë en die Poskantoor (36 persent) en die provinsiale administrasies (28 persent) aangeteken. Vaste investering deur die private sektor (insluitende openbare korporasies) het in 1971 met meer as 11 persent, vergeleke met bykans 18 persent gedurende 1970, toegeneem. Onder laasgenoemde hoofsektor het die tersiêre sektore die grootste toename in kapitaalbesteding (13 persent) getoon, gevolg deur die sekondêre sektore (11 persent) en die primêre sektore (7 persent). Aangesien vaste investering deur openbare korporasies, wat dikwels onreëlmatige skommeling weens besteding aan groot projekte toon, gedurende die eerste nege maande van 1971 met ongeveer 12 persent afgeneem het, het die kapitaalbesteding van private ondernemings alleen met meer as 16 persent toegeneem.

Die private fabriekswesesektor, wat ongeveer 70 persent tot totale vaste investering deur fabriekswese en ongeveer 12 persent tot totale vaste investering in 1970 bygedra het, se investering was ongeveer 33 persent meer gedurende die eerste drie kwartale van 1971 as gedurende die ooreenstemmende tydperk in 1970.

Bruto vaste investering: fabriekswese



Bruto binnelandse vaste investering

Sektor	Persentasie van totaal	Persentasieverandering	
		1970	Eerste drie kwartale van 1971 vergeleke met die selfde tydperk in 1970
<i>Private ondernemings en openbare korporasies</i>	64,8	17,8	11,5
Primêre sektore	12,3	2,8	6,6
Sekondêre sektore	22,9	22,0	11,1
Tersiêre sektore	29,6	21,8	12,8
<i>Openbare owerhede</i>	35,2	15,2	19,4
Sentrale regering:	18,0	18,7	22,1
S.A. Spoorweë en Poskantoor	9,8	21,6	35,7
Ander sentrale regering	8,2	15,5	6,0
Provinsiale administrasies	7,9	6,9	28,2
Plaaslike owerhede	9,3	16,2	7,1
Totaal alle sektore	100,0	18,3	14,3

Nadat prysveranderings uitgeskakel en voorsiening vir waardevermindering gemaak is, het die reële netto vaste investering in fabriekswese nog aansienlik gestyg wat daarop dui dat addisionele produksiekapasiteit geskep is. Aangesien die volume van fabrieksproduksie slegs matig gestyg het, wil dit voorkom asof daar onbenutte kapasiteit in sommige fabriekswesesektore bestaan. Volgens die kwartaalike syfers het vaste investering deur die private fabriekswesesektore gedurende die tweede en derde kwartale van 1971 sterk toegeneem nadat dit gedurende die vierde kwartaal van 1970 en die eerste kwartaal van 1971 effens afgeneem het. Die opwaartse neiging in vaste investering deur hierdie sektor wat reeds in die middel van 1969 begin het, het dus aangehou tot die derde kwartaal van 1971, d.w.s. vir meer as twee jaar.

Kleiner netto toevoeging tot voorrade

Hoewel 'n verdere netto toevoeging tot totale voorrade vir die tiende opeenvolgende kwartaal gemaak is, was die toename gedurende die derde kwartaal van 1971 kleiner as gedurende elkeen van die vorige drie kwartale en was dit weer eens in 'n groot mate tot nywerheids- en handelsvoorrade en landbouvoorrade in die handel beperk.

Onvoldoende binnelandse besparing

Gedurende die derde kwartaal van 1971 het bruto binnelandse besparing en totale bruto binnelandse investering met ongeveer dieselfde bedrag afgeneem, met die gevolg dat die tekort aan binnelandse fondse vir die finansiering van totale investering gedurende die derde kwartaal, vergeleke met die tweede kwartaal, bykans onveranderd gebly het. Ongeveer die-


selfde bedrag aan buitelandse fondse as gedurende die tweede kwartaal moes gevolglik vir die finansiering van totale bruto binnelandse investering aangewend word.

Produksie en werkverskaffing

Die volume van fabrieksproduksie het vanaf April 1970 tot September 1971, d.w.s. vir die laaste agtien maande waarvoor die inligting beskikbaar is, geneig om gelyk te verloop. Die gemiddelde peil van die seisoensaangesuiwerde indeks van die fisiese volume van fabrieksproduksie was byvoorbeeld gedurende die eerste nege maande van 1971 slegs 3,3 persent hoër as gedurende die ooreenstemmende tydperk van 1970. Die volume van produksie van nie-duursame goedere het voortgegaan om toe te neem maar die produksie van duursame goedere, in besonder dié van basiese metale en metaalprodukte, vervoeruitrusting en masjinerie, het gedurende die eerste nege maande van 1971 'n dalende neiging getoon. Totale ure gewerk en die waarde van onvoltooide bestellings het ook gedurende hierdie tydperk afgeplat.

'n Vergelyking van die jaarlikse koerse van verandering gedurende die afgelope dekade in die volume van produksie en die netto toevoeging tot kapasiteit, soos gemeet deur veranderinge in die reële waarde van die vaste kapitaalbates in die fabriekswese, toon 'n opvallende korrelasie, waarby die toename in produksie die skepping van kapasiteit met tussen een en twee jaar lei. Geoordeel aan die ondervinding in die verlede, wil dit derhalwe voorkom asof 'n herlewing

Persentasie verandering van reële vaste bates en fisiese volume van produksie van fabriekswese



in fabrieksproduksie nodig is voordat 'n werklike oplewing in vaste investering sal volg. Die *de facto* daling in die waarde van die Rand in terme van die geldeenheide van sommige van Suid-Afrika se belangrikste handelsvennote, wat veroorsaak is deur die opwaartse swewing van hul wisselkoerse, tesame met die verskerping van invoerbeheer op 24 November, sal bydra om die mededingingsvermoë van plaaslike fabrikante te verbeter en mag derhalwe produksie en investering aanmoedig.

Die volume van goudmynproduksie het voortgegaan om tot Oktober 1971 te daal vanaf 'n hoogtepunt wat dit in Junie 1970 bereik het, en was gedurende die eerste tien maande van 1971 gemiddeld 2,3 persent laer as gedurende die ooreenstemmende tydperk in 1970. Die hoër premie wat op goudverkope op die private mark verdien is, het egter tot 'n toename in winste gedurende die derde kwartaal van 1971 bygedra. In die geval van nie-goudmynbou het die volume van produksie sedert die vierde kwartaal van 1970 afgeplat.

Nadat konstruksie-aktiwiteit vanaf die einde van 1967 tot aan die einde van 1970 skerp en aanhoudend toegeneem het, het die gedurende 1971 op 'n hoë vlak afgeplat. Hierdie neiging om gelyk te verloop blyk ook duidelik uit die verloop van die indekse van werkgeleentheid, oortyd as 'n persentasie van gewone ure gewerk, geboue voltooi en groothandelsverkope van boumateriaal.

In teenstelling met die afplating van aktiwiteit in die fabriekswese-, mynbou- en konstruksiesektore, het aktiwiteit in die klein-, groot- en motorhandel gedurende die loop van 1971 merkwaardig herstel en het die toestand in die meeste vertakkings van die handel veerkragtig gebly. Ná 'n daling gedurende die vierde kwartaal van 1970, wat gevolg het op die instelling van strenger huurkoop- en ander kredietvoorwaardes, het die waarde van klein- en groothandelsverkope weer skerp gestyg. Die waarde van kleinhandelsverkope van meubels en huishoudelike elektriese toestelle wat die sterkste reaksie op die strenger kredietvoorwaardes getoon het, het ook die opmerklikste herstel gedurende 1971 getoon. Verkope van nuwe motorvoertuie, wat gedurende die eerste vier maande van 1971 gedaal het, het skerp toegeneem tot 'n nuwe rekordpeil in September 1971, voordat dit in Oktober effens afgeneem het. Die toename in die verkope van handelsvoertuie, wat met 42 persent tussen September 1970 en September 1971 toegeneem het, was veral besonder skerp. Dit was derhalwe nie verrassend nie dat die Minister van Ekonomiese Sake die huurkoopvoorwaardes op motors op 24 September ook op handelsvoertuigverkope aan die nie-besigheidsektor van toepassing gemaak het ten einde die gebruik van handelsvoertuie vir private huishoudelike doeleindes, om die strenger huurkoopvereistes te vermy, te ontmoedig.

In ooreenstemming met die laer groeikoerse in algemene ekonomiese aktiwiteit, het werkverskaffing

Algemene ekonomiese aanwysers



in die nie-landbousektore van die volkshuishouding as geheel geneem, gedurende die eerste helfte van 1971 relatief konstant gebly. Werkverskaffing in sowel die goud- as nie-goudmynbou het merkbaar afgeneem terwyl dié in die fabriekswese- en die konstruksie-sektor gedurende die eerste agt maande van die jaar afgeplat het. Werkverskaffing in die openbare sektor, insluitende die S.A. Spoorweë en Poskantoor, het egter voortgegaan om te styg. 'n Effense verruiming in die arbeidstoestand het in sekere sektore merkbaar geword en dit is ook in 'n toename in die aantal geregistreeerde werklooses Blankes, Kleurlinge en Asiërs, vanaf 7 469 in Desember 1970 tot 8 519 in September 1971, weerspieël. Ten spyte van die verruiming van die arbeidstoestand wil dit voorkom asof produktiwiteit in die fabriekswesesektor gedaal het.

Pryse

Die seisoensaangesuiwerde verbruikersprysindeks het tussen Oktober 1970 en Oktober 1971 met 6,5 persent gestyg. Hierdie relatief hoë koers van toename was gedeeltelik toe te skryf aan toenames in die verkoopreg en ander indirekte belastinge sowel as in 'n aantal staatsgeadministreerde pryse, wat almal in 'n groot mate in die tweede kwartaal van 1971 gekonsentreer was. Die koerse van toename in die verbruikersprysindeks gedurende die laaste vier kwartale, geneem teen 'n seisoensaangesuiwerde jaarkoers, toon 'n buitengewoon hoë syfer van 12,3 persent gedurende die tweede kwartaal vergeleke met 'n toename van 4,9 persent gedurende die derde kwartaal van 1971. Gedurende die vierde kwartaal van 1970 en die eerste kwartaal van 1971 het die indeks teen jaarkoerse van 3,9 en 4,5 persent, onderskeidelik, gestyg. Indien die geraamde invloed van die toename

Verbruikerspryse

Jaarlikse persentasiekoerse van verandering in seisoensaangesuiwerde indeks

	1970		1971		Sept. 1970	Okt. 1970
	4de kw.	1ste kw.	2de kw.	3de kw.	tot Sept. 1971	tot Okt. 1971
Dienste:	7,7	4,6	10,5	7,6	7,6	6,8
Behuising	8,9	3,7	6,6	9,3	7,1	6,2
Ander	5,8	6,9	18,4	3,9	8,6	8,0
Goedere:	1,3	4,7	13,0	3,5	5,6	6,1
Voedsel	0,3	-1,0	11,5	4,9	3,8	5,4
Meubels en uitrusting	3,1	9,8	6,7	3,6	5,8	5,9
Klerasie en skoeisel	-0,8	—	4,6	5,6	2,3	2,7
Aankoop van voertuie	3,7	19,5	6,2	3,2	8,0	8,0
Ander	2,1	8,5	24,0	1,0	8,5	8,5
Totaal	3,9	4,5	12,3	4,9	6,3	6,5

in die verkoopreg, ander indirekte belastings en staatsgeadministreerde pryse op die verbruikersprysindeks uitgesluit word, is 'n koers van toename van ongeveer 4 persent gedurende die jaar geëindig Oktober 1971 aangeteken.

Die seisoensaangesuiwerde indeks van groot-handelspryse het vanaf September 1970 tot September 1971 met 4,9 persent toegeneem, waartoe hoër pryse van ingevoerde goedere aansienlik bygedra het.

Betalingsbalans

Verdere verbetering in lopende rekening


Die lopende rekening van die betalingsbalans het 'n verdere klein verbetering vanaf 'n tekort van R236 miljoen gedurende die tweede kwartaal tot R205 miljoen gedurende die derde kwartaal van die jaar getoon. Dit was die derde opeenvolgende kwartaal waarin 'n verbetering op die lopende rekening van die betalingsbalans aangeteken is. Teen 'n seisoensaangesuiwerde jaarkoers het die saldo op die lopende rekening vanaf 'n tekort van R1 254 miljoen in die eerste kwartaal tot R881 miljoen in die tweede kwartaal en R864 miljoen in die derde kwartaal van 1971 verbeter. Die verdere klein verbetering gedurende die derde kwartaal het hoofsaaklik voorgekom as gevolg van 'n klein verbetering in netto goudproduksie en netto betalings vir dienste, wat die klein toename in goedere-invoere en die matige afname in goedere-uitvoere meer as geneutraliseer het. Nieteenstaande die verbetering het die tekort op die lopende rekening vir die eerste nege maande van die jaar nie minder nie as R738 miljoen, vergeleke met R843 miljoen in 1970 as 'n geheel, beloop.

Die nadelige uitwerking van die onsekerheid omtrent internasionale wisselkoerse het nie alleen die aanpassingsproses in die betalingsbalans van Suid-Afrika verlangsamen nie maar die verwickelinge wat op die opskorting van die inwisselbaarheid van die dollar in goud en die instelling van 'n tien persent invoerheffing deur die Verenigde State op 15 Augustus gevolg het, het in werklikheid Suid-Afrika se betalingsbalansprobleem vererger. Die opwaartse swewing in verhouding tot die dollar van die geldeenheide van sommige van Suid-Afrika se vernaamste handelsvennote het onsekerheid aangaande die toekomstige wisselkoers van die Rand meegebring. Hierdie onsekerheid het, op sy beurt, gelei tot vervroeging van invoer- en ander buitelandse betalings, vertraging van uitvoer- en ander buitelandse ontvangste en 'n terughouding van buitelandse kapitaal en dit het derhalwe die lopende sowel as kapitaalrekening van die betalingsbalans nadelig beïnvloed. In hierdie omstandighede het die regering op 24 November 1971 as 'n betalingsbalansmaatreël 'n aansienlike verskerping van invoerbeheer aangekondig. (Die aankondiging deur die Minister van Ekonomiese Sake waarin besonderhede omtrent die beperkings vervat is, verskyn elders in hierdie *Kwartaalblad*).


Lopende rekening van die betalingsbalans




Saldo op lopende rekening



Totale kapitaalbewegings



Verandering in goud- en buitelandse reserwes




Die verloop van invoere gedurende die eerste tien maande van 1971 was betekenisvol. Nadat dit gedurende die twee opeenvolgende jare tot aan die einde van 1970 skerp gestyg het, het invoere gedurende die eerste tien maande van 1971 'n ander verloop getoon toe die skerp opwaartse neiging beëindig is. Na seisoensaansuiwing en gereken teen 'n jaarkoers het invoere vir vyf opeenvolgende maande gedaal vanaf 'n peil van R3 148 miljoen in Desember 1970 tot R2 682 miljoen in Mei 1971 en daarna geskommel met hoogtepunte van meer as R3 200 miljoen in Junie en Augustus 1971. Gedurende September het dit weer gedaal tot R2 600 miljoen maar in Oktober tot R2 954 miljoen gestyg.




Die laer koers van toename in invoere is hoofsaaklik meegebring deur 'n afname in die invoere van verbruikersgoedere vanaf 'n seisoensaangesuiwerde jaarkoers van R584 miljoen in die eerste kwartaal toe dit 'n hoogtepunte bereik het, tot R512 miljoen gedurende die tweede kwartaal van die jaar. Alhoewel dit nog steeds op 'n relatief hoë vlak was, het die invoer van intermediêre en kapitaalgoedere teen 'n laer koers gedurende die eerste helfte van 1971 toegeneem.

Goedere-uitvoere het effens vanaf 'n seisoensaangesuiwerde jaarkoers van R1 575 miljoen in die tweede kwartaal tot R1 533 miljoen in die derde kwartaal van 1971 gedaal. Gedurende Oktober het

Invoere



Uitvoere volgens stadium van vervaardiging



dit verder afgeneem. Hoofsaaklik vanweë verbeterde landboustoestande, in besonder die miellie-oes, het goedere-uitvoere R1 121 miljoen gedurende die eerste nege maande van 1970, vergeleke met R1 080 miljoen in dieselfde tydperk gedurende die voorafgaande jaar, bedra. 'n Indeling van uitvoere volgens stadium van produksie toon dat die uitvoer van grondstowwe van landbou-oorsprong, nadat dit vir drie jaar afgeneem het, gedurende die eerste helfte van 1971 verbeter het. Soortgelyke verbeterings is ook in die uitvoer van grondstowwe van 'n mynbou-oorsprong en in half-vervaardigde landbouprodukte aangeteken, terwyl die uitvoer van half-vervaardigde mynbouprodukte en vervaardigde goedere gedurende die eerste helfte van 1971 afgeneem het.

As gevolg van hoër premies wat op die private goudmark verdien is, het netto goudproduksie vanaf 'n seisoensaangesuiwerde jaarkoers van R902 miljoen gedurende die tweede kwartaal tot R929 miljoen gedurende die derde kwartaal van 1971 gestyg. Netto betalings vir dienste het gedurende die derde kwartaal afgeplat as gevolg van 'n geringe toename in ontvangste vir dienste en 'n afname in betalings vir dienste.

Verminderde maar groot netto kapitaalinvloeiing

Gedurende die eerste nege maande van 1971 is 'n rekord netto kapitaalinvloeiing van R517 miljoen aangeteken. Die invloeiing van langtermynlenings het R225 miljoen bedra, waarvan R67 miljoen deur die sentrale regering en banksektor, R102 miljoen deur openbare korporasies en plaaslike owerhede en R56 miljoen deur private ondernemings verkry is. Gedurende die loop van 1971 het die invloeiing egter 'n volgehoue dalende neiging vanaf R217 miljoen in die eerste kwartaal tot R117 miljoen in die derde kwartaal, getoon. Die afname in die netto invloeiing van kapitaal gedurende die derde kwartaal was nie onverwags nie en kan in 'n groot mate aan verwickelinge op die internasionale monetêre toneel toegeskryf word. Die onsekerheid aangaande die wisselkoerswaarde van die Rand in terme van die geldeenheede van sommige van Suid-Afrika se vernaamste handelsvennote het begryplikerwys tot 'n vermindering in handels- en ander krediete gelei met 'n gevolglike uitvloeiing van korttermynkapitaal, en terselfdertyd het dit 'n invloeiing van kapitaal ontmoedig.

Die netto invloeiing van kapitaal na die private sektor het nietemin die aansienlike bedrag van R108 miljoen gedurende die derde kwartaal bedra. Van hierdie totale invloeiing het R87 miljoen langtermynkapitaal verteenwoordig, terwyl korttermynkapitaal, insluitende foute en onaangetekende transaksies, R21 miljoen beloop het. Die langtermynkapitaal het hoofsaaklik uit buitelandse lenings bestaan, alhoewel netto buitelandse aankope van aandele wat op die Johannesburgse Effektebeurs genoteer is ook vanaf R8 miljoen gedurende die tweede kwartaal tot R19 miljoen gedurende die derde kwartaal gestyg het. Ondanks 'n toename

van R58 miljoen in die buitelandse skuld van die sentrale regering is 'n netto kapitaalinvloeiing van slegs R9 miljoen vir die sentrale regering en banksektor aangeteken, hoofsaaklik weens die terugbetaling van 'n lening deur die Reserwebank en 'n skerp toename in die handelsdebiete van die sentrale regering.

Afname in goud- en buitelandse reserwes

Die netto resultaat van die tekort op die lopende rekening van R205 miljoen en die netto invloeiing van kapitaal van R117 miljoen was 'n afname van R88 miljoen in die goud- en buitelandse reserwes gedurende die derde kwartaal van 1971. Hierdie daling is weerspieël in netto afnames van R92 miljoen en R19 miljoen in die reserwes van die Reserwebank en die res van die banksektor onderskeidelik, terwyl die reserwes van die sentrale regering met R23 miljoen toegeneem het as gevolg van die verhoging van Suid-Afrika se subskripsie in die Internasionale Monetêre Fonds en 'n dienooreenkomstige styging van Suid-Afrika se reserweposisie in die Fonds.

Oor die eerste nege maande van 1971 het die goud- en buitelandse reserwes as gevolg van betalingsbalans-transaksies met R221 miljoen gedaal. Vanweë 'n toekenning van Spesiale Trekkingsregte ten bedrae van R15 miljoen en 'n wins van R2 miljoen uit hoofde van die revaluasie van die Switserse frank, het die goud- en buitelandse reserwes effektief met slegs R204 miljoen gedaal tot 'n peil van R603 miljoen aan die einde van September. Gedurende Oktober het die goud- en buitelandse reserwes van die Reserwebank met R18 miljoen gedaal en vanaf die einde van Oktober tot 26 November met 'n verdere R40 miljoen.

Monetêre en banktoestand


Vinniger styging in geld en kwasi-geld

Nadat die seisoensaangesuiwerde hoeveelheid geld en kwasi-geld gedurende die tweede helfte van 1970 gedaal het, het dit gedurende die eerste nege maande van 1971 weer teen 'n betreklik vinnige koers toegeneem. Tussen Desember 1970 en Augustus 1971 het dit teen 'n jaarkoers van ongeveer 11 persent gestyg, maar vervolgens gedurende September effens gedaal sodat die jaarkoers van toename vir die eerste nege maande tot ongeveer $9\frac{1}{2}$ persent verminder is. Die verhouding van die gemiddelde hoeveelheid geld en kwasi-geld tot die bruto binnelandse produk, albei aangesuiwer vir seisoensinvloede, het oor hierdie tydperk verder gedaal vanaf 30,4 persent gedurende die vierde kwartaal van 1970 tot 30,2 persent gedurende die eerste kwartaal van 1971 en tot 29,6 persent gedurende die tweede sowel as die derde kwartaal van 1971.


Styging in netto eise teen die regeringsektor hoofsaak van die toename in geld en kwasi-geld

Nieteenstaande 'n aansienlike daling in die netto goud- en buitelandse reserwes, is die hernieude opwaartse beweging in die hoeveelheid geld en kwasi-geld gedu-

Monetêre ontleding



Oorsake van veranderings in geld en kwasi-geld



rende die eerste nege maande van 1971 hoofsaaklik veroorsaak deur die regeringsektor, wat nie slegs sy saldo's by die Reserwebank en ander banksektorinstellings verminder het nie, maar ook in die vorm van uitgiftes van skatkiswissels en staatseffekte van die banksektor geleen het. Gedurende die eerste drie kwartale van 1971 het die banksektor se besit aan staatseffekte en ander eise teen die regeringsektor met R79 miljoen toegeneem, terwyl regeringsdeposito's by die banksektor terselfdertyd met R88 miljoen gedaal het, wat gesamentlik 'n styging van R167 miljoen in netto krediet aan die regeringsektor tot gevolg gehad het. Indien laasgenoemde syfer aangesuiwer word vir die seisoensinvloed, het dit nie minder nie as R240 miljoen bedra.

Hoewel die toename in die hoeveelheid geld en kwasi-geld gedurende die eerste nege maande van 1971 ook in 'n aansienlike mate die gevolg van 'n styging in bankkrediet ten bedrae van R187 miljoen, vóór seisoensaansuiwering, aan die private sektor was, word laasgenoemde toename hoofsaaklik deur 'n toename van R149 miljoen aan kaskredietvoorskotte wat deur die Landbank verleen is, verklaar. Die diskonteringe en voorskotte van die handelsbanke, wat die hoofbestanddeel van die eise teen die private sektor vorm (63 persent aan die einde van 1970), het in werklikheid oor die eerste nege maande van 1971 gedaal.

Verandering in eise teen die private sektor—eerste nege maande van 1971

(R miljoene)

	Seisoensinvloed nie uitgeskakel	Seisoensinvloed uitgeskakel
Diskonteringe en voorskotte van handelsbanke (uitgesonderd dié aan die Landbank)	-15	-51
Kaskredietvoorskotte van die Landbank	149	110
Ander	53	-14
Totaal	187	204

Vanaf Desember 1970 tot Augustus 1971 het die seisoensaangesuiwerde totaal van die diskonteringe en voorskotte van die handelsbanke, uitgesonderd dié aan die Landbank, met R154 miljoen gedaal maar vervolgens gedurende September met soveel as R103 miljoen toegeneem, waarskynlik as gevolg van die vervanging van buitelandse handelskrediete met binnelandse bankkrediet. Volgens voorlopige gegewens het 'n taamlik aansienlike verdere styging in die diskonteringe en voorskotte van die handelsbanke gedurende Oktober voorgekom.

Bankkrediet aan die private sektor



Geldmarkkoerse



Geldmarkrentekoerse

	27 Augustus 1971 %	19 November 1971 %
Skatkisswisselkoers	5,42	5,72
3 maand-bankaksepte	7,00	8,00
90 dae-VDS.e	6,65	8,10
150 dae-VDS.e	7,05	8,40
Basiese daggeldkoers van diskontohuise	5,30	5,75

persent op 19 November gestyg maar die marge tussen hierdie koerse en dié wat op verhandelbare depositosertifikate van drie maande gekwoteer is, het aansienlik vermeer en het in die middel van November bykans 2½ persent, vergeleke met ongeveer 1½ persent op 27 Augustus en ½ persent aan die begin van 1969, bedra.

Staatsfinansies

Die finansiering van die oorskot van regeeringsuitgawes bo -inkomste op 'n nie-inflasionistiese wyse is nie slegs deur die algemene tekort aan kapitaal en die maatskaplike en ander gevolge van lenings teen nog hoër rentekoerse bemoeilik nie, maar ook deur die omvang van die totale tekort op die Skatkisrekening. 'n Tekort van bykans R700 miljoen is deur die Minister in die 1971/72-Begroting en die Aanvullende Begroting voorsien, vergeleke met 'n tekort van R424 miljoen op die Skatkisrekening gedurende 1970/71. Volgens skatkisuitreikings en -ontvangste vir die eerste helfte

Stram toestand op die geldmark


Vanaf die einde van Augustus 1971 tot die middel van November het die toestand op die geldmark aansienlik vernou, hoofsaaklik as gevolg van 'n daling van R78 miljoen in die goud- en buitelandse reserwes van die Reserwebank tussen 27 Augustus en 19 November 1971. Die oorskot-likwiede bates van bankinstellings het verminder, die diskontohuise het aansienlike bedrae van die Reserwebank geleen en korttermynrentekoerse wat deur die private sektor gekwoteer is, het opwaarts beweeg. Die skatkiswisseltenderkoers het ook vanaf 5,42 persent op 27 Augustus tot 5,72

van die huidige fiskale jaar, wil dit voorkom asof die totale tekort groter as die R700 miljoen kan wees.

As gevolg van hierdie groot tekort was die Skatkis gedurende die ses maande geëindig September 1971 nie in staat om voldoende fondse van bronne buite die banksektor te leen nie en moes hy sy netto skuldposisie teenoor die banksektor en buitelandse sektor met groot bedrae verhoog, naamlik met onderskeidelik R150

miljoen en R79 miljoen. Hierbenewens is R145 miljoen van die private nie-banksektor geleen, hoofsaaklik op 'n nie-vrywillige grondslag, terwyl die netto skuldposisie teenoor die Staatskuldkommissarisse en die Betaalmeester-generaal gedurende dieselfde tydperk met onderskeidelik R9 miljoen en R33 miljoen verminder is.


Skatkisrekening



Kapitaalmark

Nadat die oorskot van vraag bô die aanbod van uitleenbare fondse in die kapitaalmark 'n sterk opwaartse druk op langtermynrentekoerse vanaf ongeveer die middel van 1969 tot April 1971 uitgeoefen het, was 'n tydelike verligting van hierdie druk merkbaar gedurende die oorblywende gedeelte van die tweede kwartaal en gedurende die derde kwartaal van 1971. Opbrengskoerse op maatskappyobligasies het effens opwaarts beweeg tot 'n peil van ongeveer 10 persent gedurende die derde kwartaal en nuwe uitgiftes van semi-prima effekte is oorvolteken. In Oktober het die opbrengskoerse op langtermynmaatskappyobligasies egter weer opwaarts beweeg tot 'n peil van ongeveer 10¼ persent en toestande op die mark vir vaste-rentedraende effekte het oor die algemeen weer geneig om strammer te

Rente- en opbrengskoerse



word. Die vergroting van die gaping tussen die opbrengskoers op maatskappyobligasies en prima-effekte mag ook verband hou met die hoër beleggings-vereistes vir versekeraars en pensioenfondse vanaf 1 Oktober.

Nadat aandelepryse op die effektebeurs gedurende die eerste helfte van 1971 herstel het, het dit weer gedurende die derde kwartaal en Oktober merkbaar gedaal. Met die uitsondering van die aandele van banke en versekeringsmaatskappye en steenkoolmyne wat slegs matig gedaal het, het die pryse van alle ander klasse aandele gedurende die derde kwartaal met tussen 17 en 27 persent gedaal. Onsekerheid aangaande internasionale monetêre verwickelinge en pessimistiese sienings van die binnelandse ekonomiese toestand kon tot hierdie nuwe afwaartse beweging in die aandelemark bygedra het. Die daling in aandelepryse het tot hoër dividendopbrengskoerse gedurende die derde kwartaal gelei. Die gemiddelde dividendopbrengskoers op mynbou-aandele het in Oktober 9,0 persent beloop, terwyl dié op finansiële en nywerheids- en handelsaandele 5,2 en 6,6 persent onderskeidelik beloop het. 'n Vergelyking van die opbrengskoers van by voorbeeld nywerheids- en handelsaandele met dié op langtermyn prima-effekte toon dat die omgekeerde rendementsgaping vanaf 3,2 persent in Junie tot 1,9 persent in Oktober vernou het.

Gedurende die derde kwartaal van 1971 het die invloeiing van fondse na bouverenigings met R95 miljoen toegeneem vergeleke met R46 miljoen gedurende die voorafgaande kwartaal. Hierdie meer-as-verdubbelde invloeiing van fondse was gedeeltelik die gevolg van die gewone herbelegging van dividend-uitkerings in September, maar het ook verband gehou met die belastingkonsessies wat in Augustus deur die Minister van Finasies aangekondig is en ingevolge waarvan dividende op bouverenigingaandele vir belastingdoeleindes op dieselfde grondslag as maatskappydividende behandel sal word. Die invloeiing van fondse gedurende Oktober het R27 miljoen bedra en was saamgestel uit 'n toename van R32 miljoen in aandelekapitaal, 'n afname van R13 miljoen in vaste deposito's en 'n toename van R8 miljoen in spaar-deposito's.